

1 Desember

Lees – Openbaring 8:5

Gebede verander die wêreld

“Toe het die engel die wierookbak geneem, dit met die vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde uitgegooi” (5)

‘n Halfuur stilte breek aan in die hemel as die sewende seël deur die Lam oopgemaak word. Dis nie omdat daar nie vir ‘n halfuur lank geen mans in die hemel is nie. Of is dit nou vrouens? In elk geval, ons is nie seker wat Johannes met hierdie stilte bedoel nie. Moontlik is dit ‘n spanningsmoment wat ons in afwagting laat vra wat volg net hierna. Of dis dalk net die stilte aan die einde van die hemelse erediens wat vanaf Op 4:8 strek.

In vers 2 lees ons van sewe engele: Volgens die Jode is dit die sewe aartsengele, want hulle het geglo dat God sewe hoof engele het wat aan die stuur van die engelemagte staan, met die engel Migael as hulle aanvoerder.

Vers drie vertel weer van die goue wierookbak wat ons ook vroeër in Openbaring 5 raakgeloop het as simbool van al die gebede van die aardse kerk. ‘n Voorbiddingsengel bring hier in hoofstuk 8 die gebede van alle heiliges na God toe. God “ruik” ons gebede Nog meer, vers 5 vertel van ons gebede se effek. God se oordele word vanuit die wierookbak op die aarde omgekeer! Hy verhoor dus ons gebede op konkrete maniere!

Moenie moedeloos word nie. Sorg dat jou gebede keer op keer in die hemelse wierookbak is. Hou aan met bid. God hoor. Hy gebruik ook jou gebede om die wêreld te verander. Sorg dat Hy dit vandag te ruik kry.

GEBED: Here, hoor as ek bid. Ruik my gebede!

Skriflesing vir vanaand Op 8:1-5

2 Desember

Lees – Openbaring 8:7

Die wêreld ly

“ ‘n Derde van die aarde is verbrand” (7)

God se oordeel tref die ongelowige wêreld. Chaos tref die ganse skepping gedurende die tyd tussen hemelvaart en wederkoms. Dis wat ons hoor en sien as ons in Openbaring 8-9 lees van trompette wat begin blaas. En, terloops, hulle blaas gedurende die ganse eindtyd wat strek vanaf Jesus se eerste koms aarde toe tot en met sy wederkoms. Moenie probeer om hierdie trompette eksklusief aan bepaalde gebeure in die wêreld vas te maak nie. Dit sal die teks se betekenis verskraal.

In Openbaring 8 vind daar ‘n simboliese verskerping plaas teenoor die seëls wat vroeër oopgemaak is: nie net ‘n kwart nie, maar ‘n volle derde van die wêreld word hier met God se oordele getref! Nogtans is daar ook genade - nie alles word vernietig nie. Vers 7 vertel in hierdie verband van hael en vuur (Eks 9:33), terwyl vers 8-9 skilder hoe die see, as vername bron van inkomste vir seevaarders in daardie tyd, getref word. Hierna sien en hoor ons in vers 10-11 dat alle waterbronne geteister word. Swaarkry word deur almal geproe. Dit word in vers 12 opgevolg deur ‘n kosmiese verduistering. Alle ongelowiges ly nou. Let wel, hierdie trompette teister die ongelowige wêreld. Daarom dat ‘n ‘n arend oor die aarde vlieg. Drie maal word sy weë-uitroep gehoor. Genadetyd is egter steeds hier vir sondaars. Waarskuwings word immers uitgedeel! Gaan sê dit asseblief vandag nog vir iemand wat ver van die Here af is.

GEBED: Almagtige Heer bring u stukkende wêreld tot inkeer

Skriflesing vir vanaand Openbaring 8

3 Desember

Lees – Openbaring 9:1

God teiken ongelowiges

“Ek het ‘n ster gesien wat van die hemel af op die aarde geval het” (1)

Die gevalle ster hier in vers 1 dien as teken van God se straf teen die sondige mensdom. Sterre leef immers volgens mense in daardie tyd (Job 38:7). Dit val ‘n pad oop tot in die onderwêreld as die woonplek van bese magte. Die grens tussen hierdie goddelose magte en die mensewêreld word nou opgehef. Hulle stroom die wêreld in en bring duisternis oor die mensdom. Hier vind ‘n Godsverduistering dus plaas. Skrikwekkend!

Vers 3-6 vertel van sprinkane (Eks 10; Joël 1-2): Vir 5 maande (dit wil sê, vir ‘n beperkte tyd) oefen hulle mag uit. Hulle is so gevaarlik soos soos skerpioene. Dit versimboliseer hier Sataniëse wesens omdat skerpioene dikwels met Satan geïdentifiseer is (Lk 10:19; 11:12).

In vers 7-10 lees ons van bese oorlogswesens. Hulle lang hare is hier ‘n teken van oorlogsgugtigheid. Dikwels in daardie tyd het soldate met los hare wat onversorg was en met gesigte waarop oorlogsvêr aangebring is hul vyande aangedurf. Wel, dis presies wat gebeur as die bese magte die wêreld instroom. Dan vind daar oorlog op aarde plaas. En die aanvoerder? Ons verneem sy naam is Abaddon: “Verderwer.” Hy is die hoof van die doderyk, oftewel, Satan.

In hierdie gevaarlike eindtyd hoor ons die nuus dat Sataniëse magte as straf oor ongelowiges losgelaat word, nie om ons as Christene terug te kry nie. Ons moet maar net aan Christus vashou.

GEBED: U Seun gee lewe. Doen dit vir ‘n dooie wêreld

Skriflesing vir vanaand: Op 9:1-12

4 Desember

Lees Openbaring 9

Wees stil voor God

“Ek het ‘n stem tussen die vier horings van die goue altaar voor God gehoor” (13)

Ooreenstemming met die tiende plaag in Egipte is vanaf vers 13 is voor die hand liggend. Johannes gebruik die verhaal van die dood van alle eersgebore Egiptenaars (Eks 11-12) as die raamwerk waarbinne hierdie visioen gegiet word. Kyk weer na vers 13 en vergelyk dit gou met wat ons reeds tot op hede in Openbaring raakgelees het: voor die troon waar gebede opstyg (8:3-5), en naby die altaar (6:9-11) praat God.

In vers 14 lees ons van die Eufraat: Dit was natuurlik die “oer-grens” tussen die Romeine en alle barbare. Vroeër het die Israeliete dit ook as die grens tussen hulle en die heidense volke beskou. Wel, ons hoor nou hoedat engele wat hierdie grens tussen orde en chaos patrolleer losgemaak word om die ongelowige wêreld te teister. ‘n Derde van die mense sterf as hulle in vers 15 hul oordele begin voltrek. Hier loop genade en straf steeds hand aan hand, want weer word nie alle mense vernietig nie.

Vers 17-19 is onheilspellend. Ons het hier ‘n opstapeling van onreinheid. Alle denkbare vorme van goddeloosheid word saamgevoeg in die Sataniëse drogbeelde wat beskryf word. Tog, ten spyte van die skrikwekkende beelde wat die wêreld teister, sê vers 20-21 dat daar geen bekering is nie. Mense luister eenvoudig nie. Sonde neem net steeds toe! Moet dus nie jou hoop op die wêreld plaas om ‘n beter plek te word nie. Dit sal nie.

GEBED: Lei u kinders in hierdie gevaarlike tyd, drie-enige Heer

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 9

5 Desember

Lees – Openbaring 10:6

Tyd is min, eet die Woord

“Daar is geen tyd meer oor nie” (6)

Johannes sien hier in hoofstuk 10 ‘n wonderlike visioen van ‘n reuse engel wat aan hom die opdrag gee om ‘n boekie te eet. Dis God se Woord. En Johannes doen dit. Wat van jou? Eet jy ook die Woord? Is jy dapper genoeg hiervoor? Weet jy hoe? Baie mense haal verse uit die Bybel aan, maar min kan vir jou vertel wat in enige Bybelboek gebeur. Hier’s drie beginsels oor die regte manier van Bybellees, vir ingeval jy so opgewonde is oor die Bybel dat jy nie kan wag om dit netnou te lees nie:

- a. Lees elke Bybelboek eers van voor tot agter deur voordat jy verse hieruit aanhaal. Onthou God se stem word hoorbaar in sy groot verhale, nie in losstaande verse nie.
- b. Kyk waar in die Bybel staan die tekste wat jy lees. Onthou dat die kruis van Christus iets kom doen het met sommige gebruike en seremonies van die Ou Testament (Kol 2).
- c. Onthou dat jy deel van ‘n lang tradisie van Christene is wat die Woord lees. Luister daarom na ander mense ook, veral na diegene wat die gawe van onderrig het. Wees nederig, ywerig en bly ‘n lewenslange student van die Bybel.

Leef, drink en eet die Woord. Doen wat Johannes gedoen het. Leef elke dag op God se woorde as jou belangrikste kos. Jy ontdek vir Christus daar in die Woord, Hy wat die woorde het wat vir altyd lewe gee!

GEBED: Here, u woorde is my hele lewe

Skriflesing vir vanaand: Op 10:1-5

6 Desember

Lees – Openbaring 10:11

Eet en praat

“Jy moet weer God se boodskap aangaande baie volke, tale en konings verkondig” (11)

Na die optrede van die oordeel-engele (Op 8-9), kom ‘n heilsengel in hoofstuk 10 as hemelse boodskapper na Johannes toe. Sy voorkoms maak dit duidelik dat hy moontlik die engel van die Here is.

Soos wat ons gister reeds gesien het, is daardie boekie (Eseg 2-3) se inhoud natuurlik God se woord. Johannes moet God se boodskap eet. Dit moet deel van sy metabolisme word, van joune en myne ook.

Johannes hoor ook sewe donderslae wat sê God se oordele word voltrek. Niks staan in die pad van die ontvouing van God se plan nie.

Niks keer sy magtige woorde en dae in hierdie sondige wêreld van ons nie. Jy en ek moet natuurlik ook deel word van die uitvoering van God se wil deur die boekie saam met Johannes op te eet. Intensiewe betrokkenheid by die Woord word van jou en my gevra.

O ja, jy sal agterkom die Bybel is meestal soet in die mond. Dis maklik om aan te hoor! Let egter op, dis bitter in die maag. Ja, die Woord is baie moeilik om te doen! Tog is dit presies wat ons moet doen. Deur die eet van die Woord word ons innerlik versterk. Soos Johannes van ouds moet ons die boodskap wat ons gehoor het verder bekendmaak. Ons moet die wêreld rondom ons gaan waarsku dat die blaas van die finale trompet op hande is! Maar ons kan ander net waarsku as ons reg eet! As ons die Bybel dag vir dag verslind, sal ons altyd ‘n woord

GEBED: Here, maak my honger vir nog meer van u woorde

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 10

7 Desember

Lees – Openbaring 11:1

Meet reg

“Toe is daar vir my ‘n meetstok gegee” (1)

‘n Meetstok is ‘n regeer-septer volgens Esegïel 40-42. Meet dui hier in Openbaring 11:1 op besittings wat veilig is en dit dui op standvastigheid. Daarom is sulke dinge meetbaar. Hulle kan nie wankel nie. God se tempel, sy mense en sy altaar is sodoende meetbaar, want hulle is veilig in sy hand!

Wat is onmeetbaar? Wel, vers 2 het die antwoord. Die heidene se terrein is onmeetbaar; hulle is onstabiel. Hulle gaan nie lank hou nie. Hiermee bedoel Johannes natuurlik die ganse ongelowige wêreld wat weier om God te aanbid. Hulle skend die heilige stad. Jerusalem word daarom nou ook ‘n simbool van die wêreld se goddeloosheid. Hierdie skending van heilige dinge deur onheiliges duur voort vir 42 maande (vers 2), of 1260 dae (vers 3), of drie en ‘n half dag (vers 9; 11). Hierdie simboliese getalle is die tyd van swaarkry tussen die hemelvaart en wederkoms hier op aarde. Johannes gebruik onder andere hier ‘n simbool uit geskiedenis: Antioges Epifanes, die hellenistiese koning wat rondom 175 vC Israel verplig het om tot die god Jupiter in die tempel te offer (Dan 9:24-27), se optrede is toe al beskryf as 42 maande van swaarkry.

Goeie nuus is dat die Here nie afwesig is in hierdie tyd nie. Hy berei ‘n woonplek vir sy kerk voor wat stewig en standvastig en meetbaar is. En Hy gebruik sy kerk steeds as getuies in hierdie wêreld.

GEBED: Hoor o Here, as ek bid om genade vir ons wêreld

Skriflesing vir vanaand: Op 11:1-10

8 Desember

Lees – Openbaring 11:6

Mense van die Gees

“Hulle het die mag om die hemel toe te sluit” (6)

Te midde van die onmeetbare chaos wat volgens Openbaring 11 tussen ons aan die gang is gedurende die eindtyd, is daar ook 'n hele paar brokkies goeie nuus. Hier in die eindtyd is daar naamlik ook twee getuies aan die werk: Hulle dien as simbool van die kerk van die Here wat enduit volhard. Volgens vers 4 is hierdie getuies soos olyfbome (Sag 4:2): Dit dui op die krag van die Gees wat in die kerk van die Here aanwesig is. Hulle is ook soos twee lampe, hulle weerkaats God se reddende lig. Nee, die kerk sit nie verleë rond met 'n mond vol tande nie. Die kerk van die eindtyd is soos Moses en Elia (vers 5-6): Hulle is Geesvervuld, en hulle tree met groot gesag op.

Tog is daar slegte nuus vir die kerk: Die Sataniese dier, van wie ons meer hoor in hoofstuk 12-13, veg teen die kerk en maak hulle dood. Tydens die ganse eindtyd (“drie en 'n half dae”) is die kerk se lyke oral op straat te sien. Onder al die goddeloses (wat as Sodom uitgebeeld word) en al vervolgers (Egipte) word daar feesgevier oor die kerk se lyding. Maar daar's weer eens goeie nuus: aan die einde van die tyd sien die wêreld dat die kerk steeds nog leef as daar hemelse lewe in hulle kom (vers 11). Die kerk gaan woon dan aan die einde van die tyd vir altyd by God (1 Tess 4:16-17), terwyl die goddeloses sterf en vernietig word. Ja, die kerk wen in en deur Christus – vir altyd!

GEBED: Here, hou my hele lewe op u koers!

Skriflesing vir vanaand: Op 11:1-14

Daar's 'n ander kant ook***“Die eindtyd het aangebreek, die dooies word geoordeel” (18)***

Die eindtyd rus op twee pilare: Op Jesus se koms en sy wederkoms! Die twee arms wat om hierdie pilare vou, is die evangelie! Deur die wêreldwye verkondiging van die boodskap dat Jesus mense verlos, word hierdie pilare al nader aan mekaar getrek. Die apostel Petrus sê selfs in 2 Petrus 3:12 dat ons as Christene die wederkoms kan verhaas! Jesus nooi ons ook uit om die koninkryk van God nader te bid met die woorde van die Ons Vader: “Laat u koninkryk kom.” Openbaring sluit daarom in hoofstuk 22 af met die aangrypende uitroep: “Maranata! Kom, Here!”

Die kerk moet die wederkoms nader bid en nader trek deur uitnodigings na God se feesmaal om aan pre-Christene uit te deel. Ons skaamte en luiheid om dit te doen, is dalk rede hoekom hierdie pilare nog nie teenaan mekaar is nie. Immers, as ons nie te veel moeite doen om hierdie feesmaal van die Koning van die heelal nog voller te laat word nie, hoekom sal die feesmaal dan gou aanbreek?

Ons moet die wederkoms al werkende in die Here se wingerd nader wink en dit met groot veragting inwag! Soos wagters op die mure van Sion moet ons uitsien na die groot dag van ons verlossing. Ons moet reikhalsend uitsien na die dag van die Here! Saam met die kerk van die eeue moet ons oor en oor en aanhoudend uitroep: “Kom, Here Jesus, ja, kom gou!”

GEBED: Saam met u kinders nooi ek U ook, Heer Jesus!

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 11:15-19

10 Desember

Lees – Openbaring 12:5

‘n Kind in die wêreld maak die verskil

“Sy het ‘n kind in die wêreld gebring” (5)

Om Openbaring 12 reg te verstaan, moet ons hierdie hoofstuk sien as deel van die verhaal van triomf en oorwinning wat reeds met Christus se hemelvaart in Openbaring 5 begin het. In Openbaring 5 vertel Johannes vir ons hoe Jesus as Oorwinnaar in die hemel gekroon word net nadat Hy van die aarde af teruggekeer het na sy kruisiging en opstanding. Hy staan dan voor God as die geslagte Lam wat alle mag in die hemel en op aarde besit en voor wie die heelal buig.

In hoofstuk 12 vertel Johannes vir ons ‘n tweede episode wat op daardie einste moment in die hemel afgespeel het toe Jesus se bewind oor die heelal na sy hemelvaart begin het. Die draak, oftewel die Satan, het ongenooi in die hemel opgedaag om die Here Jesus se troonsbestyging te verongeluk. Maar hy loop hom teen Migael en sy engele vas wat hom hardhandig uit die hemel gooi. Jesus veg nie weer in die hemel na sy hemelvaart teen Satan nie. Hy het klaar gewen. Die engele doen dit sommer; hulle gooi Satan en sy bese magte net daar op die plek vir altyd uit die hemel en versper sy pad na die hemel toe. Die hemel is nou ‘n duiwel-vrye sone. Hy kan nie weer daar inkom nie. Hy kan ons nie meer voor God aankla nie. Hy kan ons nie meer veroordeel nie. Satan het tweede gekom teen Christus en teen al sy heilige engele. En ons wen al die pad saam met hulle!

GEBED: Here, dankie vir u oorwinning oor die Bose

Skriflesing vir vanaand: Op 12:1-9

11 Desember

Lees – Openbaring 12:11

Daar kom 'n einde

“Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam” (11)

Toe Satan sy oë oopmaak na sy hardhandige verwydering uit die hemel deur Migael en sy engele, kom hy agter hy's op die aarde gegooi. Hier woon Christus se kerk (“die vrou” van vers 15) ook. Daarom dat die Bose nou wraak op haar probeer neem. Tog het hy min tyd oor om dit te doen. Christus is immers oop pad terug om hierdie wêreld vir altyd te kom nuut maak.

Johannes gebruik simboliese taal wanneer hy praat oor hierdie tyd tussen die hemelvaart van ons Here en sy terugkoms aarde toe, naamlik 'n tyd van 42 maande, of 1260 dae soos wat ons reeds gesien het. In Openbaring 12:14 hoor ons ook van 'n vasgestelde tyd waartydens die kerk versorg sal word, wat dieselfde tyd is as die 1260 dae van lyding. Vanaf Openbaring 11 word hierdie tipe beelde gebruik om die tyd van swaarkry op simboliese wyse aan te dui totdat die Here terugkom. Hierdie tye werk uit op die helfte van die getal sewe, wat God se getal is. In Openbaring word God se handeling gewoonlik met die getal sewe aangedui, terwyl die tyd van lyding met die getal drie en 'n half beskryf word. Dit sê vir ons die swaarkry vir die kerk gaan nie vir altyd aanhou nie. God self sal 'n einde hieraan bring. Satan gaan nie permanent teen ons oorlog maak nie. Ons het in elk geval saam met die kerk die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam. Daaroor kan ons juig.

GEBED: Here Jesus, u oorwinning staan vas. Halleluja!

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 12

12 Desember

Lees – Openbaring 13:1

Ken die Bose se strategie

“En het ek ‘n dier uit die see uit sien kom (1)

Omdat Satan min tyd oorhet, besluit hy om die drie-enige God na te boots deur twee Sataniëse handlangers op te rig. Inderwaarheid het hy nie ‘n ander keuse nie. Satan se naakte mag is reeds dramaties ingeperk, soos wat ons in hoofstuk 12 gesien het. Hy kan nou nie meer in die hemel ingaan nie. Tot by die wederkoms word hy nie toegelaat om met sy volle krag te werk in die wêreld nie. Daarom dat die duiwel ‘n dier uit die see (Op 13:1-10), en ‘n dier uit die aarde (Op 13:11-18) oprig om sy bose werk hier op aarde namens hom te doen en die wêreld tot sonde en afgodery te verlei.

Die dier uit die see is die nabootser van ons Here, Jesus Christus. Hy verlei die sondige wêreld om die draak te aanbid, netsoos wat Christus ons lei om voor God te buig. Hierdie dier uit die aarde boots ook Jesus se wonde na. Terwyl Jesus die geslagte Lam is wat die merktekens van sy geveg tot die dood toe daar by Golgota dra (Op 5), het hierdie dier ook ‘n wond aan hom wat genees het. En netsoos wat Jesus oorwinningsname het (Op 19), dra hierdie dier name, maar dit beteken net mooi die teendeel as Jesus se name.

Ons leef in gevaarlike tye. Satan is met groot misleiding besig. Hy verlei die wêreld deur sy bose handlangers tot gruwelike sondes en tot misleiding. Wees versigtig. Bly op jou pos. Moenie dat die misleiding van die Bose jou verblind nie. Skuil by die Lam. Hy is die enigste veilige Skuilplek.

GEBED: In gebed kom skuil ek by U, Jesus my Heer

Skriflesing vir vanaand: Op 13:1-10

13 Desember

Lees – Openbaring 13:11

Misleiding op sy beste

“Hy het twee horings gehad soos ‘n lam s’n, maar hy het soos ‘n draak gepraat” (11)

Satan se tweede dier is die nabootser van die Heilige Gees. Net soos wat die Gees ons lei tot aanbidning van Christus, lei hierdie dier die wêreld tot aanbidning van die eerste dier. Verder is hierdie dier uit die aarde ‘n kulkunstenaar *par excellence*. Kyk net, hy lyk so onskuldig soos ‘n lammetjie (vers 11), maar as hy begin praat, dan klink hy netsoos die draak. Wat ‘n skrikwekkende drogbeeld. En dis presies hoe die duiwel werk. Nee, hy daag nooit by ons op in sy normale gewaad nie. Hy kom na ons toe soos ‘n lammetjie, maar, luister mooi, hy praat altyd soos ‘n draak.

In Openbaring 13:11 lees ons dat hierdie dier uit die aarde, wat die Heilige Gees se werk naboots, ‘n merk op mense se regterhand en voorkop plaas. Is dit ‘n verwysing na mikro-rekenaarskyfies wat glo binnekort onder mense se vel ingeplant gaan word? Wag eers, gaan lees weer die teks goed. Daar staan dat *alle mense op aarde* gemerk word: klein en groot; ryk en arm; slawe en vry. Dit gaan dus hier nie net oor mense wat genoeg geld en besittings het om rekenaarskyfies te bekostig nie, maar oor almal, selfs oor die heel armste mense wat iewers in ‘n hut in Asië of Afrika bly. Die heel kleinste kinders word ook nie uitgesluit nie. Satan sorg dat ‘n universele merk op al sy eiendom aangebring word sodat hy hulle te alle tye kan uitken. Bly jy maar net by Jesus. Dan is jy veilig teen sy vloekmerk!

GEBED: Almagtige Heer, bewaar ons van die Bose

Skriflesing vir vanaand: Op 13:11-18

Die slawedrywer en sy mense

“Hy verplig al die mense, klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe, om ‘n merk op hulle regterhand of op hulle voorkop te dra” (16)

Hierdie “666-handelsnaam” van die dier uit die aarde, wat as die nabootser van die Heilige Gees optree, verskyn op alle mense se regterhand en op hulle voorkop. Let wel, alle mense bedoel hier almal wat nie in Jesus as die Heer glo nie. Immers, hoofstuk 14-15 wys baie duidelik vir ons dat Christene nooit hierdie merk op hulle het van die dier nie.

Hoekom word mense op hul kop en hand gemerk deur die Bose? Wel, Johannes wil simbolies sê dat sondaars se denke (die merk op hul voorkop) en dade (die merk op hul regterhand) illustreer dat hulle in Satan se doodskamp is. Johannes weet dat die 666-merk simbolies van aard is. Dit is nie letterlik nie. Hy leen hierdie beeld van ‘n merk op mense se hand en kop onder andere by Deuteronomium 6:6-8 waar God vir Israel sê hulle moet sy wet as ‘n merk op hulle voorkop en hande aanbring. Hier bedoel God nie dat Israeliete elke dag die wet op hulle liggame moet skryf nie. Nee, hulle moet die wet oordink met hulle koppe en dit moet doen met hulle hande.

Wanneer ons hierdie 666 merk net tot ‘n kredietkaart of ‘n rekenaarskyfie beperk, onderskat ons Satan se mag. Want rekenaarskyfies of kredietkaarte kan net deur bevoorregte burgers van die eerste wêreld bekostig word, nie deur arm mense nie. Satan is veel slimmer. Hy merk alle mense, soos wat die teks sê, almal wat nie in Jesus glo nie.

GEBED: Heer, dankie dat U my gemerk het as u eiendom

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 12-13

15 Desember

Lees – Openbaring 14:1

By die Lam

“Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan” (1)

Die goeie nuus volgens Openbaring 14:1-2 is dat Christus sy eie naam en sy Vader se naam op ons elkeen ingraveer wat aan Hom behoort. Nee, ons kan nie die Bose se 666-kenteken dra nie, want ons behoort nie aan hom en aan sy twee Sataniese diere nie. Ons as Christene dra Jesus se kenteken, sy bloedmerk. Sy bloed vee die gewraakte 666-handelsmerk van die Bose permanent van al sy mense af. Net sy kosbare bloed kan dit regkry, niks of niemand anders nie.

Ons as Christene dra nooit dubbele kentekens nie. Ons het slegs Jesus se Naam en God se Naam as uitkenningstekens op ons lewens, nie Satan se vloekmerke wat deur sy bese handlanger uitgedeel word aan ongelowiges nie. Geen enkele Christen dra die 666-merk op hulle voorkop of op hulle regterhand nie. Ons denke en ons daad word nou deur Christus beheer. Ons is onder die nuwe bestuur van die Heilige Gees. Ons as ware gelowiges wat aan die lewende Here van hemel en aarde behoort sal daarom nooit die gewraakte 666 kenteken van Satan aanvaar of voor hom die knie buig nie. Ons is Jesus se eiendom, nou en vir altyd. Ons name staan permanent daar by Hom in die Boek van die Lewe opgeteken. Daarom hoef ons nie die Bose se planne te vrees nie. Ons Here staan by ons op die plek van redding. Hy omring sy aardse kerk met sy teenwoordigheid.

GEBED: Dankie Heer dat ek ook op Sion by U kan staan

Skriflesing vir vanaand: Op 14:1-5

16 Desember

Lees – Openbaring 14:6

Hoor die goeie boodskap

“Hy het ‘n goeie boodskap gehad wat vir ewig van krag bly” (6)

Kom ons kyk vinnig na Openbaring 14:1-13 se belangrikste bakens in ‘n neutedop: Vers 1 praat van *Sion*: Dit dien in die Ou Testament as simbool van bewaring en heil (Joël 3:5; Psalms 121-127). Ook hoor ons hier van 144 000 mense: Dis die simbool van alle aardse gelowiges (Op 7). Hulle ervaar redding. Alle gelowiges dra God en Jesus se merk. Al God se mense dra sy eienaarsmerk!

Vers 2 wys die hemel en aarde in harmonie. Teenoor aardse eer aan die Sataniese dier, is hier hemelse feesvreugde. In die hemel word gesing en feesgevier. Vers 3 vertel van hemelse musiek wat oorspoel aarde toe. Net gelowiges hier op aarde kan daardie hemelse musiek aanleer. Hulle stemme pas sommer nou reeds by dié van die hemelse koor. Vers 4-5 vertel dat gelowiges se heilige lewenswyse as bewys dien van die egtheid van hul sang!

In vers 6-7 hoor ons van ‘n eerste engel wat aankondig God se oorwinning staan vas. Die tweede engel in vers 8 kondig oordeel oor sonde aan, terwyl ‘n derde engel ewige straf bring oor dié wat dier se merk vrywillig aanvaar (vers 9-11). Let wel, nou word mense nie meer gedwing soos in hoofstuk 13 om sy merk te vat nie! Hulle willig self in. Vers 12 het ‘n vermaning aan ons as gelowiges: Staan sterk! En vers 13 het asemrowende goeie nuus vir die Here se mense. Vir ons is die dood die ewige triomf! Rus van ons sendingwerk breek binnekort aan.

GEBED: Here Jesus, dankie vir u teenwoordigheid by u kerk

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 14:6-13

17 Desember

Lees – Openbaring 14:14

Kyk Hy kom

“Toe het ek ‘n wit wolk gesien” (14)

Openbaring 14:14-20 vertel vir ons van die eindoordeel. Jesus as Regter verskyn skielik op die toneel. Vers 14 vertel dat Hy op ‘n wolk kom. Wolke was dikwels ‘n Hemelse vervoermiddel; dit dien as ‘n teken van Goddelike almag (Op 10:1).

Johannes verwys hier na Jesus Christus as die Seun van mens. Hy gebruik die bekende beeld uit Daniël 7:13 wat Jesus gereeld op Homself van toepassing gemaak het toe Hy op aarde was. As Seun van die mens was Jesus baie nederig. Hy het nie eens ‘n behoorlike slaapplek vir sy kop gehad nie (Matteus 8). Jesus, die Seun van die mens, kom egter ook as Regter terug, soos wat Jesus self ook gesê het (Matteus 24-25). En nou sien ons Hom hier aan die einde van die tyd as die Seun van die mens wat verskyn, presies soos wat Hy belowe het.

‘n Vierde engel bring nou ook ‘n boodskap van God af. Vers 16 sê wat die inhoud hiervan is: Oordeel! (vgl Matteus 13:39). Wanneer die vyfde en sesde engele op die toneel verskyn, het ons te make met ‘n verdubbeling van hierdie oordeel. Beide hierdie engele kom uit hemelse tempel. Hulle oordeel word in skrikwekkende beelde voorgestel as ons lees van bloed wat 1600 kilometer ver strek, as simbool van die 4 windrigtings maal 400. Wees dus gewaarsku, hierdie dag is ‘n dag van verskrikking!

GEBED: Heer gee dat u kinders enduit in U sal bly glo

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 14

18 Desember

Lees – Openbaring 15:1

Daar's bloed aan ons deurkosyne

“Ek het iets soos ‘n spieëlgladde see met vuur daarin gesien” (2)

Die laaste plaie van die engele in Openbaring 15 eggo die taal van die tien plaie in Egipte. Dit praat in beeldryke taal van God se oordeel oor die goddeloses wat sy kinders so pynig en laat ly. Nee, God straf nie sy ware kerk soos wat party steeds dink nie. Die Israeliete het in die Ou Testament reeds so 'n skewe prentjie ontwikkel van straf en seën. Hulle het gedink dit werk outomaties. Leef jy goed, dan seën God jou en jou kinders; maak jy droog, dan straf Hy jou en jou familie. Daarom het God op 'n keer vir sy profeet in Esegïel 18 gesê dat Hy nie kinders straf of seën as hulle familie sonde doen, of goeie dinge doen nie. Die spreekwoord van die Israeliete: “die pa's eet groen duiwe en dan word die kinders se tande stomp” is nie waar nie, want dit sê dat as die ouers verkeerde dinge aanvang, dan ly hulle kinders. Nee, ons elkeen moet ons eie lewe voor God uitsorteer.

Verder moet ons ook weet, soos wat Johannes hier skryf, dat ons wat in Christus glo, in elk geval nie meer die objekte van God se straf is nie. Dit kan tog nie waar wees nie, anders het Jesus nie ons straf volledig gedra nie. Nee, as ons aan Jesus as Here vashou dan is ons veilig. Dan skuil ons by die Een wat kant en klaar vir ons betaal het. Dan gaan God se oordeelsengele by ons verby omdat daar bloed aan ons lewens se deurkosyne gesmeer is, die reddingsbloed van die Lam van God.

GEBED: Here Jesus, omskep my woorde in dade

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 15

Sien, hoor en ervaar***“Kyk, Ek kom onverwags soos ‘n dief” (15)***

Mense het uiteenlopende denkvoorkeure. Party dink visueel. Daarom “sien” hulle wat ander sê. Ander dink deur middel van klank. Hulle “hoor” wat gesê word. Nog ander dink gevoelsmatig. Hulle is “in voeling” met wat jy sê. Alhoewel ons al hierdie fasette - sig, gehoor en gevoel – benut, het ons bepaalde voorkeure. Johannes gebruik egter sommer al hierdie aspekte in Openbaring. As hy in hoofstuk vier in die hemel opdaag, sien hy ongelooflike dinge. Hy sien God wat op sy troon sit, omring deur die hemelse skare! Hy hoor ook wat hulle doen as hulle begin om God te aanbid. In Openbaring 5 is Johannes se emosies sterk as hy huil wanneer niemand die boekrol wat in God se hand is oopmaak nie. Hier in hoofstuk 16 sien, hoor en voel hy ook God se woede en sondaars se ongeloof intens aan.

Openbaring is ‘n visuele boek. Mens moet hierdie verhaal lees totdat jy die groter prentjie sien van God wat so in beheer van sake is dat Hy rustig op sy hemelse troon sit. Jy moet ook sien hoedat Jesus alle mag in die hemel en op aarde het sedert sy aankoms in die hemel. Dan wil jy ook saam met die hemelse skares voor Hom en voor God neerval en vol emosie uitroep dat alle lof toekom aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam! Om Openbaring klinies te wil lees, is om op die verkeerde pad te loop. Nee, jy moet lees totdat jy “sien” wat Johannes sien. Wanneer jy reg sien, moet jy ook hoor en ervaar! Ja, dan moet jy met jou lewe buig voor die lewende Here.

GEBED: Ek buig voor U, lewende Here

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 16

20 Desember

Lees – Openbaring 17:3

Op besoek by me. Babilon

“Ek is toe deur die Gees meegevoer” (3)

Satan speel nou sy laaste troefkaart. Sy twee bese handlangers van wie ons in Openbaring 13 gelees het, is nie effektief genoeg nie. Daarom dat hy 'n verleidelike vrou oprig, genaamd Babilon. In vers 1 hoor ons van hierdie sedelose vrou. Nou ja, ons weet dat Babilon as skuilnaam vir die stad Rome gebruik is onder die eerste Christene en Jode. Die Rome van die Romeinse keiserryk was vir hulle die setel van boosheid en vervolging (vgl ook 1 Petrus 5:13).

Vers 2 vertel wat me. Babilon se strategie en planne is. Sy pleeg owerspel met die nasies. Onreinheid, wanorde en chaos is haar brandstof, haar tydverdrijf en haar plesier. Haar woonplek is die woestyn. Skielik is die woestyn hier in 17:3 die plek van bese geeste en gevaar. Dit moenie nou verwar word met die woestyn as plek van bewaring vir die aardse kerk waarvan ons vroeër in Openbaring 12 gelees het nie.

Hierdie bese vrou, Babilon versinnebeeld boosheid soos wat dit in die Romeinse Ryk na vore gekom het en soos wat dit vandag rondom ons manifesteer in bese stelsels en regimes. Haar rykdom, vertoon, en prag spel net een ding uit: sedeloosheid. Verleiding is haar kos, maar nog erger, die kerk se bloed is haar brandstof. Hoe skrikwekkend is die Bese nie. Maar nou weet ons dit mos vanuit die Woord sodat dit ons nie onkant moet betrap as ons ly vir die Here nie.

GEBED: Heer beskerm u kerk teen verleiding

Skriflesing vir vanaand: Op 17:1-6

21 Desember

Lees – Openbaring 17:14

Oorlog!

“Hulle sal teen die Lam oorlog voer” (14)

As ons wonder presies wie die vrou is wat Johannes so helderkleurig hier in Openbaring 17 beskryf, dan gee hy aan ons in vers 9-11 'n leidraad (vgl ook Op 13:18). Hierdie vrou is ongetwyfeld Rome. Rome staan in daardie tyd ook bekend as *Roma septicolis*, Rome op die sewe heuwels! Johannes weet dit, daarom skryf hy aan sy eerste lesers dat sy haar woonplek op die sewe heuwels het. Hier in Openbaring 17 is die voltal van bose ryke regdeur die eindtyd ook ter sprake. Met ander woorde, Johannes maak dit duidelik daar is nie slegs een bose regering of antichristelike ryk nie, maar 'n volle 5 wie se glorie reeds verby is. Nommer ses is tans op die toneel terwyl die sewende een toekomstig is en nommer agt die bose dier self is. Hierdie agste ryk/dier troon bo die 7 ryke uit en sluit hulle ook in volgens vers 11. Maar selfs hierdie laaste ryk word ook vernietig.

Vers 13-14 vertel van die bose wêreld se oorlog én nederlaag teen die Lam. Geen wonder nie, want daar is onderlinge verdeeldheid onder die nasies (vers 17). Sondaars dien as instrumente van God se toorn. Hy gebruik hulle tot sy voordeel teen mekaar. Is dit nie ongelooflik nie? Sonde betrap God nooit onkant nie. Nee, Hy wend dit aan waar en wanneer dit Hom pas om sy heilige doelwitte te bereik. Ook in ons dag is die goddelose wêreld met al hulle mag steeds in God se hand.

GEBED: *Here, verydel die planne van die Bose*

Skriflesing vir vanaand: Op 17:7-18

22 Desember

Lees – Openbaring 18:2

Saai reg

“Geval, geval het die grote Babilon” (2)

Ons moet sorg dat goeie nuus in ons eie omgewing baie meer ore bereik as slegte nuus. Hoe? Gebruik elke geleentheid wat oor jou pad kom om Jesus se Naam groot te praat. Praat kliphard en gereeld oor Hom. Moenie skaam wees nie. Praat die opposisie se leuens gereeld uit die pad met Jesus se reddingsnuus. Praat sommer ook elke dag mooi oor ander mense. Doen dit voor hulle en agter hulle. Nee, moenie hulle vlei om hulle guns te wen nie. Maar gee deur jou woorde erkenning aan elkeen wat op die Here se pad stap. Moedig hulle aan. Vertel in hulle afwesigheid vir ander van al die mooi dinge wat hulle vir die Here doen. Word 'n voltydse verspreider van die jongste Goeie Nuus.

Hoekom kan ons so oor die Here praat? Wel, ons weet ons staan mos aan die wenkant. Satan en sy hordes verloor. Dit sien jy dan lewensgroot hier in Openbaring 18. In vers 1-2 hoor jy die oordeels-engel wat aankondig Babilon se hellevaart staan vas! Jy hoor ook in vers 4 die oproep aan die kerk: Gee pad van haar af! Vermoed haar morele besoedeling! Wees heilig. Babilon se sondes skree tot teen die hemel, soos Babel van ouds! Sy gaan kry wat sy verdien (vers 6-8). Die saai en oes-motief is dus hier ter sprake. Babilon het sonde gesaai en sy gaan dit ook oes. Saai jy dus net goeie nuus met jou woorde en daede en kyk watter oes lewer dit binnekort op.

GEBED: Heilige Gees, gebruik my as 'n instrument van Goeie Nuus

Skriflesing vir vanaand: Op 18:1-8

23 Desember

Lees – Openbaring 18:10

Vier fees by hierdie begrafnis

“Die groot stad, Babilon, die sterk stad! In een oomblik het oordeel oor jou gekom!” (10)

Vanaf Openbaring 18:9 vier ons ‘n heerlike, vreugdevolle begrafnis. Ja, jy’t reg gelees, ons as Christene vier nou reeds fees oor die val van Babilon. Natuurlik is ons die enigstes hier op aarde wat feesvier oor haar skielike ondergang. Die res van die wêreld treur en huil. Kyk net hoe daardie tien bose konings, van wie ons ook in hoofstuk 17:16 gelees het, treur. Maar hulle is ‘n ou spul bangbroeke. Hulle staan ver weg van haar af uit vrees dat haar ondergang hulle daar by haar begrafnis ook kan insluk.

In vers 11-17 sien ons dat sakemanne ook me. Babilon se begrafnis bywoon. Hulle treur ewe kliphard want hulle ly reuse finansiële verliese omdat sy deur God verwoes is. Vers 17-19 vertel dat die seelui ook skade ly. Ook hulle bron van inkomste is nou daarmee heen. Wat ‘n tragiese spulletjie. Al hoekom hulle egter bedroef is, is omdat hulle inkomste daarmee heen is.

Die enigste vreugdevolles oor Babilon se heengaan volgens vers 20 is die kerk. Babilon se bloeddorstigheid, wat alles wat mooi en goed in die wêreld is kom vernietig het, word nou tot ‘n einde gebring. God se triomf en oorwinning is op hande wanneer sy van die toneel af verdwyn. Dan wag die dag van die Here. Dan wink die wederkoms. Dan kan ons nie anders as om gereed te wees op God se groot hemelse feesmaal nie. Staan reg, die einde kom!

GEBED: Heer Jesus, verwyder Babilon vir altyd van die toneel af

Skriflesing vir vanaand: Op 18:9-24

24 Desember

Lees – Openbaring 19:7

Die hemelse troue begin

“...want die bruilof van die Lam het aangebreek” (7)

Die hemelse huwelik is hier. Christus se wederkoms is op hande. So vertel Openbaring 19 in aangrypende beelde en in feestaal vir ons. Maar eers hoor ons in vers 1-4 ‘n hemelse oorwinningslied. Lof aan God weerklink deur die hemelse sale vanweë die oorwinning wat God behaal het oor die bose vrou Babilon. In vers 5-10 begin die hemelse huwelik met ‘n loflied vanuit die hemel omdat die huwelik van die hemelse Bruidegom, Christus, aangebreek het.

Die bruid... ja natuurlik, dis die hemelse kerk. En die bruid se klere, wel dis al haar dade van gehoorsaamheid wat soos fyn, helder klere haar reinheid versimboliseer. Nee, sy is nie op grond van haar goeie werke gered nie, maar haar dade van gehoorsaamheid aan die Lam dien nou as gepaste klere vir die huwelik. Dit bevestig dat sy inderdaad tuis hoort hier op die lys vir al die genooies na die bruilof van die Lam. Ja, die kerk is tegelyk die bruid en die genooies. Praat van ‘n dubbele eer!

Die kerk as genooies na die hemelse bruilof moet reeds aan hierdie kant van die graf heilig leef. Reeds hier moet ons sorg dat ons dade van gehoorsaamheid die Here se heerlijkheid weerspieël. Ons durf nie agteroor sit nie. Daar’s nie plek vir ons by die vyand se dodelike partytjies nie. Ons is genooies na Jesus se troue toe. Binnekort staan ons langs Hom as deel van sy hemelse bruid.

GEBED: Here, ek juig oor u uitnodiging

Skriflesing vir vanaand: Op 19:1-10

25 Desember

Lees – Openbaring 19:11

Die Ruiter en die Fees

Daar was 'n wit perd. Sy Ruiter word die Getroue en Betroubare genoem" (11)

Kersfees is weer hier. Kersfees is Jesus se feesdag hier tussen ons. Hy is steeds die enigste Rede vir Kersfees. Jesus is immers die Kripleindjie wat mens geword het in Betlehem om vir ons elkeen se sondes te betaal. Nou staan Hy weer gereed om terug te kom, maar hierdie keer as die Ruiter op die wit perd.

Kyk mooi, Jesus het al die regte name (vers 11-13, 16). Hy het ook die regte oorlogsklere aan (vers 13). Ja, Jesus het weer sy oorlogsklere wat Hy aan die kruis gedra het aangetrek. Dis sy gevegsdrag. Nee, Hy kom nie met 'n goue kroon op sy kop, of met blink klere terug na ons toe nie. Sy oorwinningsdrag is kruisdrag! Sy klere is deurweek met sy eie oorwinningsbloed. En sy Naam is steeds die Woord. Jesus is die lewe. Hy gee dit, Hy praat dit, Hy doen dit, Hy is dit!

Die hemelse leërs trek saam met Jesus as Hy terugkeer aarde toe (vers 14). Is dit engele of gelowiges? Wel, moontlik gelowiges, maar die goeie nuus is dat Jesus alleen veg (vers 15). Hyself bring 'n blitsige einde aan die twee sataniese diere (vers 17-21), 'n oombliklike vernietiging, sonder groot gevegte of enige noemenswaardige weerstand. Christus verskyn immers nou as Triomfator! Niks of niemand kan teen die Ruiter op die wit perd standhou nie. Val daarom hier op Kersdag by sy leer in en vier sy oorwinning.

GEBED: Here, U wen. U klere en u Naam sê dit!

Skriflesing vir vanaand: Op 19:11-21

Satan verloor!***“Hy het hom in die onderaardse diepte gegooi” (3)***

Satan word vir 'n duisend jaar gebind. Wanneer? Wel, dit gebeur met Jesus se hemelvaart (Op 5), net na sy uitbanning uit die hemel (Op 12). Behalwe vir 'n vlugtige verskyning van die draak in hoofstuk 16, is hy tot hier weg van die toneel af. Die rede? Hy is in God se oë gebind. Let wel, uit God se perspektief het dit gebeur, nie uit ons s'n nie. Dit beteken in gewone taal dat hy nie in die hemel kan ingaan vir die tyd van Jesus se heerskappy tot by die wederkoms nie.

Die duisend jaar van vrede speel slegs af in die hemel. Openbaring beskryf immers hierdie vredesryk in die hemel, nie op aarde nie! Hy sien mense in die hemel wat reeds gesterf het. Dit is alle aardse gelowiges wat hier in Openbaring uitgebeeld word as martelare. Hierdie gestorwe gelowiges leef voort in die hemel en regeer saam met Jesus (vers 4). Hulle het hier op aarde geweier om die dier te aanbid. Hulle leef en regeer nou by Christus vir 'n volle duisend jaar, oftewel, vir die vasgestelde tydperk tussen die hemelvaart en wederkoms.

Die duisendjarige vrederyk in die hemel is die eerste opstanding vir Christene wat reeds al na hulle dood by Jesus is. Ongelowiges is nie in die hemel nie, daarom ook dan Johannes se beeld dat hulle nie vir hierdie duisend jaar lewe is nie. Die tweede dood, oftewel, die eindoordeel (vers 6), het dus geen mag oor Jesus se mense nie.

GEBED: Christus, ek sien uit om saam met U te regeer

Skriflesing vir vanaand: Op 20:1-6

27 Desember

Lees – Openbaring 20:11

Die einde is hier, uiteindelik!

“Toe het ek ‘n groot wit troon gesien” (11)

Openbaring 20:7-10 vertel hoedat Satan losgelaat word aan die einde van Christus se duisendjarige vredesryk in die hemel, maar dit net om vernietig te word. Al sy bese handlangers is teen hierdie tyd reeds vernietig. Net die duiwel alleen het oorgebly. Sy loslating is daarom ‘n loslating tot vernietiging. Sy vernietiging vind dan ook kort hierna op ‘n on-dramatiese wyse plaas nadat hy vir oulaas opstand onder die nasies teen God probeer aanblaas. Satan se ewige bestemming is die vuurpoel as ‘n permanente plek van pyniging.

Hierna, in vers 11-15 breek die eindoordeel aan met die lewende God as regter. Maar wat ‘n uiteenlopende oordeel is dit nie. Daar is baie boeke wat oopgemaak word teenoor een ander boek! Die uitslag van hierdie geopende boeke is sleg: daar wag verdoemenis vir diegene wie se werke een vir een uit al die boeke aan God bekend is. Alle goddeloses se dade word een vir een onthou. Maar daar’s goeie nuus vir gelowiges. Oor hulle word daar net van een ding boek gehou en dit is van hulle name. Daarom dat die dag van die Here ‘n dag van redding vir diegene is wie se name aan Hom bekend is.

Die Here ken jou of op jou naam, of op jou dade. As Hy jou op jou dade ken, is jy vir altyd in groot moeilikheid. As die Here jou op jou naam ken omdat jy aan Christus vashou, is jy permanent gered. Dan wag die feesmaal van die Lam ook op jou. Nou ja, hoe ken die Here jou?

GEBED: Here, dankie dat U my in Christus op my naam ken

Skriflesing vir vanaand: Op 20:7-15

28 Desember

Lees – Openbaring 21:1

Alles is nuut

“Toe het ek ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien” (1)

Die scenario van God rondom sy nuwe wêreld word hier in Openbaring 21:1-22:5 op ‘n aangrypende manier geskets. Vers 1-2 vertel vir ons in hoofopskrifte dat dit ‘n splinternuwe skepping is, terwyl vers 3-5 jubel en juig oor God se omvattende nuutmaakaksie. Immers, soos wat vers 6-8 sê, elke gelowige kry nou alles in die nuwe Jerusalem!

In Openbaring 21 hoor ons keer op keer dat almal in die nuwe Jerusalem vrye toegang tot God sal hê. Almal wat burgerskap van God se nuwe stad geniet, sal Hom met hulle eie oë sien en sy goedheid van dag tot dag ervaar (vers 4). Sekere gelowiges sal nie in die agterste gestoeltes van die ewigheid sal gaan sit, terwyl ander weer so gelukkig sal wees om naby aan God te woon nie. Nee, almal sal gelyk wees; almal sal God kan sien en ewe veel heertyd in sy teenwoordigheid leef.

Paulus sê in Romeine 2 dat sondaars aan hierdie kant van die graf besig is om vir hulle ‘n groot skat van oordeel te versamel. Om permanent weg te wees van God se goedheid is skrikwekkend, veral in die lig van die skoonheid en mooiheid van God se nuwe wêreld. Niks kan erger as dit wees nie. Waarsku daardie mense betyds. Nooi hulle uit. Dring by hulle aan om na die Here se feesmaal toe te kom voordat dit vir altyd te laat is. Dis jou roeping. Jy kan nie alleen by die fees aankom nie.

GEBED: Heer, bring my vriende en familie ook na u fees toe

Skriflesing vir vanaand: Op 21:1-8

29 Desember

Lees – Openbaring 21:22

God gee lig vir altyd

“n Tempel het ek nie in die stad gesien nie” (22)

In vers 10 gaan kyk Johannes na God se nuwe stad vanaf ‘n hoë uitkykpunt. Hy sien dan hoedat hierdie stad gegrondves is op die 12 apostels en die 12 stamme van Israel. (Terloops, let op die simboliek van die getal 12 hier in hoofstuk 21). Netsoos vroeër in hoofstuk 11, beklemtoon Johannes ook die meetbaarheid van die ewige stad van God as ‘n simbool van vastigheid en onwankelbaarheid.

Vers 18-21 vertel van kosbare edelgesteentes as die materiaal waarmee die nuwe Jerusalem gebou is. Dit onderstreep die duursaamheid en kosbaarheid van alles wat daar te sien is. Opvallend egter is die afwesigheid van ‘n offisiële tempel. Dis nie meer nodig nie, want God self is daar. Ook is die groot kosmiese ligte, die son en maan volgens vers 23 nie meer nodig nie, want God gee nou vir altyd lig en lewe.

Vers 24 maak dit duidelik dat God se stad ‘n nuwe, universele plek van aanbidding sal wees omdat almal daar is van regoor die aarde wat deur Christus vrygekoop is. Absolute veiligheid kenmerk die stad met sy oop poorte, so ook reinheid en heiligheid (vers 26-27). Slegs mense wie se name met Jesus se bloed in die hemelse identiteitsdokument ingeskryf is, word toegelaat in die nuwe Jerusalem. Burgerskap van God se nuwe woonplek is uiters eksklusief. Net mense wat aan Jesus vashou gaan daar bly.

GEBED: Here Jesus, ek sien so baie uit dat U weer kom

Skriflesing vir vanaand: Op 21:9-27

30 Desember

Lees – Openbaring 22:3

Veilig en heilig

“Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie” (3)

Die goeie nuus van Openbaring 21:1-22:5 is dat ons nuwe woning na die wederkoms 'n stad van permanente “NIE MEER NIE” gaan wees. Daar gaan *nie meer* siekte, pyn en dood wees nie. Daar in God se nuwe hoofstad gaan die hospitale en klinieke leegstaan; die begraafplase ook. Dokters, leraars, begrafnisondernemers en sieketroosters gaan dan vir altyd werkloos wees. Daar in die nuwe Jerusalem gaan God persoonlik al ons tranes afdroog, en al ons pyn permanent wegvat. Daar sal al die sekuriteitsmaatskappye, weermagte en polisie dienste eens en vir altyd oorbodig wees. Geen geloei van sirenes, geweervuur of oorlogsklanke sal daar weerklink nie. Ook sal daar nie meer bloed vloei nie, want God self sal dan vir altyd aan diens by sy kinders wees. Daar sal ook nie meer massas honger kindertjies op die strate rondstaan en kos bedel nie. Of bedelaars om jou rondmaal wat met honger oë hulp vra nie. Nee, daar in God se groot nuwe stad met sy ewige woonplekke sal hierdie dinge vir altyd iets van die verlede wees. Die nuwe Jerusalem sal genoeg kos en 'n oorvloed van lewe vir al sy inwoners hê – vir altyd.

Onreinheid, sonde en goddeloosheid sal ook daar afwesig wees. Mense sal dan nie meer in vrees leef nie, of bekommerd wees oor die dag van môre nie. God drie-enig maak dit alles moontlik vir jou en my.

GEBED: Heer, hoor my as ek pleit dat u nuwe wêreld tog gou moet aanbreek

Skriflesing vir vanaand: Op 22:1-5

31 Desember

Lees – Openbaring 22:17

Kom!

“Die Gees en die bruid sê: ‘Kom!’” (17)

Op die laaste dag ken God jou of op jou naam, of op jou werke. Maar jy kan gerus nou ontspan: as jy in Christus as die Here en Redder van jou lewe glo, tel jy onder die gelukkiges wie se naam baie goed aan God bekend is. Trouens, vandat jy 'n Christen is, het Jesus sy eie naam en sy Vader s'n op jou voorkop ingegraveer soos wat Openbaring 14:1-2 jou leer. Hierdie naam is jou enigste hemelse paspoort, jou permanente toegangskaartjie tot die nuwe Jerusalem. Jy kan daarom seker wees dat jy 'n plek gaan kry in God se nuwe wêreld as jy by Jesus die regte hemelse identiteitsdokumente gaan haal het. Ons moet die wederkoms al werkende in die Here se wingerd inwag. Ons moet elke dag besig wees om saam met die Heilige Gees ander uit te nooi na die fees van 'n ewigheid wat nooit weer gaan ophou nie! Soos wagters op die Sionsmure moet ons dag na dag op die uitkyk bly en in afwagting leef op ons Heer en Heiland se terugkoms! Ons mag nie een dag laat verbygaan sonder dat ons uitroep: “Kom, Here Jesus, ja, kom gou!” nie. Anders is ons onverantwoordelik. Die Here beloof dat Hy gou sal kom as ons Hom uitnooi. Hy belowe dat Hy die tyd sal korter maak as sy kerk nie meer kan wag totdat Hy terugkom nie. Daarom moet jy en ek dit uitskree, oor en oor en oor: ‘Maranata, kom Heer, doen dit baie gou!’

GEBED: Drie-enige Here, ek roep uit: Maranata!

Skriflesing vir vanaand: Openbaring 22